

Donderdag 5 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 28:11-20

Fokusgedeelte: Matteus 28:19

God Drie-enig by ons doop

Jesus se openbare werksaamheid op aarde begin nie net met 'n openbaring van die Drie-enige God by sy doop nie, dit eindig ook met 'n opdrag in die Naam van die Drie-enige God voor sy hemelvaart. Jesus se werk op aarde is volbring. Hy het vir ons geleef, gesterf en opgestaan. Aanstons gaan Hy na die hemel opvaar. Sy laaste woorde kom tot sy dissipels – die groot opdrag.

Die werk wat Hy volbring het, moet nou na alle nasies uitkring. *Vir die doop van alle gelowiges word hierdie formule deur Christus vasgestel* (NGB art. 9).

Doop, inlywing in die Naam van God. Dit beteken: op sy gesag, namens Hom. Die gesag en die Naam van die Drie-enige God.

Dit is maar net die een Naam. Nie drie name nie. Een, enige God. Weereens nie 'n uiteensetting nie, maar die enige God in aksie in sy drie-heid.

- Die Vader, wat aan ons verkondig en verseël dat Hy ons sy kinders en erfgename gemaak het.
- Die Seun, wat aan ons die afwassing van al ons sondes in sy bloed verseël.
- Die Heilige Gees, wat ons verseker dat Hy in ons wil woon en dit wat Christus vir ons verdien het, ons eiendom wil maak.

In hierdie Naam trek die hele Skrif saam. Hiervoor het ons Here Jesus aarde toe gekom, sodat ons in dié Naam gedoop en in Hom ingelyf kan word: Vader, Seun en Heilige Gees. In hierdie Naam is ek en jy gedoop ... nie sodat ons 'n greep op Hom kan kry nie, maar sodat ons kan leef uit die greep wat Hy op ons het.

Sing: Skrifberyming 1-1:1, 2, 7

Ds. Cassie Aucamp (Bergsig/Andeon)